higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

(8011024)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord enige EEN van die vrae in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... behels dat 'n groep of lede in 'n halfsirkel sit en met mekaar oor 'n onderwerp gesels.

A 'n Forumbespreking
B 'n Simposium
C 'n Paneelbespreking
D 'n Gonsgroepbespreking

1.2 Wanneer 'n vennootskap beoordeel word, behoort twee belangrike vrae oor die volgende gestel te word:

A Koste en doeltreffendheid van die vennootskap
B Betrokkenheid van alle vennote en of dit drie suksesvlakke duur
C Proaktiewe polisieaktiwiteite en reaktiewe polisieaktiwiteite
D Die bestaan van die misdaadprobleem en wat volgende gedoen behoort te word

1.3 Identifiseer die nadele van samewerking met die gemeenskap:

A Veroorsaak frustrasie, skep ongewenste reaksies en behels persoonlike agendas
B Swak befondsing, swak bystand en negatiewe persepsies
C Geen begrip van polisiëringsprosedures nie en beperkte kommunikasie
D Beperkte getal vennote betrokke en proaktiewe aktiwiteite

1.4 Wanneer 'n kurrikulum vir polisiëring ontwerp word, kan die volgende ... model gebruik word.

A C-H-D
B AOOIE ('ADDIE')
C SWOT
D VBOO

1.5 ... vesel trek water aan en verander in jel tydens vertering, wat die verteringsproses vertraag.

A Onoplosbare
B Gesuiwerde
C Gepreserveerde
D Oplosbare

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die polisie in Suid-Afrika bestaan uit TWEE (2) elemente: die Metropolisie en die Suid-Afrikaanse Polisiediens, en elkeen het sy spesifieke take.

2.2 Wanneer jy jou samewerkingsplan aan polisiëringsagentskappe voorlê, is dit noodsaaklik dat die aanbieding soos volg verdeel word: Inleiding – 25%; Liggaam – 50% en Slot – 25%.

2.3 Een van die voordele van 'n vennootskap is dat 'plaaslike oplossings vir plaaslike probleme' gevind kan word.

2.4 Wanneer jy jou samewerkingsplan voorlê, behoort jy eers duidelik die teikengehoor te identifiseer, en jou aanbiedingsmetode moet goed voorberei en prakties wees.

2.5 Die Basiese Polisieontwikkelingsleerprogram bestaan uit VIER (4) leerareas, naamlik die Reg, Gemeenskapsdienssentrum, Misdaadvoorkoming en Taktiese Straatoorlewing, en word slegs in Engels aangebied en geassesseer.

2.6 In die polisiëringsagentskappe se module oor verklarings moet die leerder weet hoe om die aanhef, inhoud en slot of sertifisering van 'n verklaring te skryf.

2.7 In voedselbereiding is daar bevind dat diepbraai die gesondste metode is.

2.8 Dissipline kan in die volgende DRIE kategorieë verdeel word, naamlik persoonlike dissipline, interpersoonlike dissipline en werksplekdissipline.

2.9 Wanneer 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag bevordering tot die volgende hoër rang ontvang, sal hy of sy die rang van majoor hê.

2.10 Wanneer 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens die regterhand beseer, moet hy of sy met die linkerhand salueer wanneer hulle 'n offisier groet.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Daktiloskopie	A	hou met gifstowwe verband
3.2	Serologiese	B	studie van bloedserum en ander liggaamsvloeistowwe
3.3	Outopsie	C	studie van die struktuur van tande
3.4	Ballistiek	D	wetenskaplike studie van vuurwapens
3.5	Interrogasie	E	bespreking tussen mense om inligting te kry
		F	het unieke identifisering- en individualiseringswaarde
		G	mediese ondersoek van 'n liggaam ná dood
		H	ondervraging van 'n verdagte

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

100 m-naelloop; jakobsleer; gevorderde strekking; spierkrag; hangleer; kardiorespiratoriese; gewigoefening; toring; bankpers

4.1 ... fiksheid verwys na hoe goed die liggaam tydens langdurige fisieke oefening suurstof uit die bloed na die spiere kan beweeg.

4.2 ... verwys na die totale energie wat 'n spier in 'n enkele poging kan uitoefen.

4.3 ... is 'n oefenmetode wat 'n mens in staat stel om jou spierkrag te ontwikkel en te verbeter.

4.4 ... is deel van 'n oefenroetine wat mense volg wat 'n mate van buigsaamheid buite die norm nodig het om werkverrigting in hul gekose aktiwiteit te verbeter.

4.5 ... van die vaardighede-en-vreestoets oefen 'n persoon se balanseervaardighede en sy of haar selfvertroue om 'n vrees vir hoogtes te bowe te kom.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks hoe 'n mens die Sone-soektogpatroon op 'n misdaadtoneel behoort toe te pas. (3)

5.2 Identifiseer enige VYF misdaadondersoekprobleme wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens kan teëkom. (5)

5.3 Noem SEWE stadiums wat tydens 'n misdaadondersoek geïmplementeer behoort te word. (7)

5.4 Bespreek die VIER stappe wat gedoen moet word om 'n vennootskap te vestig. (4)

5.5 Pas die SSGB ('SWOT')-ontleding prakties op enige samewerkingsprobleem toe.

AANTEKENING AAN DIE LEERDER: Jou antwoord moet die volgende insluit: Dui aan waarvoor elke letter in die akroniem staan en gee 'n praktiese voorbeeld van hoe elkeen van die letters in die akroniem verband hou met die geïdentifiseerde samewerkingsprobleem. (4)

5.6 Verstrek enige EEN voorbeeld van elk van die volgende: kossoorte met 'n hoë en lae glisemiese indeks (GI). (1 × 2) (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die SAPD in Bloemfonfein-Sentraal ervaar hoë vlakke van misdaad. Die VYF grootste misdaadkwessies op die oomblik is soos volg: verkragting van jong meisies, roof wat gepaard gaan met die gebruik van vuurwapens, aanranding deur 'n groep skoolseuns, huisbraak gedurende die dag en nag, en voertuigdiefstal. Die offisier wat aan die hoof van die polisiekantoor staan, besluit om die volgende in werking te stel om te verseker dat meer probleem-individue geïdentifiseer word, opvoeding van die publiek verskerp word en dat meer gesoekte misdadigers in hegtenis geneem word.
Die implementering van die bostaande maatreëls oor 'n tydperk van DRIE maande lewer die volgende resultate op: hoewel daar geen verdere voorvalle van verkragting van jong meisies aangemeld is nie, word ouer vroue nou geteiken, die meeste rooftogte gaan nou gepaard met die gebruik van messe, aanrandings word nou deur bekende bendelede gepleeg, huisbrake vind tans slegs tussen 23:00 en 03:00 plaas, en geen voertuigdiefstalle is aangemeld nie. Die misdadigers wat voorheen voertuie gesteel het, steel egter nou koperkabels. Die polisie besluit om dieselfde polisiëringsmetodes gedurende die volgende SES maande te gebruik, maar misdaad neem met 23% toe. Die Groepbevelvoerder voer aan dat die polisiekantoor se swak prestasie aan swak opleiding te wyte kan wees en dring daarop aan dat 'n oplossing vir die probleem gevind word.

6.1 Identifiseer die maatreëls wat die polisie in die bostaande scenario in werking gestel het om misdaad te verminder deur hulle in DRIE vlakke van misdaadvoorkoming te klassifiseer. (3)

6.2 Verskaf EEN bykomende benadering wat die polisie in werking kan stel op elkeen van die DRIE verskillende vlakke van misdaadvoorkoming ten einde die hoë vlakke van misdaad in die bostaande scenario te verminder. (3)

6.3 Verduidelik die Misdaadvoorkomingsdriehoek (uit 'n misdadiger se oogpunt) deur 'n voorbeeld van 'n misdaad uit die bostaande scenario gebruik te maak. (3)

6.4 Bepaal die DRIE misdaadverskuiwings wat plaasgevind het as gevolg van die maatreëls wat die polisie ingestel het.

AANTEKENING AAN DIE LEERDER: Jou antwoord moet die tipe misdaad-verskuiwing en 'n voorbeeld van sodanige verskuiwing uit die scenario insluit. (3)

6.5 Identifiseer en motiveer DRIE tipes vennootskappe wat die polisie kan vestig om die aanwesige misdaadkwessies te verminder. (3 × 2) (6)

6.6 Verduidelik die inwerkingstelling van die SARA-model om die SAPD Bloemfontein-Sentraal se huidige misdaadvoorkomingsplan te verbeter.

AANTEKENING AAN DIE LEERDER: Jou antwoord moet die volgende insluit: Dui aan waarvoor elke letter van die akroniem (SARA) staan en verduidelik hoe jy elkeen daarvan sal implementeer. (8)

Kopiereg voorbehou

6.7 Verduidelik kortliks die TWEE navorsingsmetodes wat gebruik kan word om die huidige probleem met polisieopleiding te identifiseer. (2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord óf VRAAG 7 óf VRAAG 8 in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Dit is noodsaaklik om fisiese getuienis gedurende alle misdaadondersoeke in te samel.

Verduidelik hoe fisiese getuienis met betrekking tot die volgende beheer en bestuur behoort te word:

7.1 Die waarde (uitwerking op 'n ondersoek) van getuienis wat by 'n misdaadtoneel ingesamel word. (5)

7.2 Prioritiseer die insameling van getuienis om verlies, vernietiging of kontaminasie daarvan te voorkom. (5)

7.3 Beskryf die prosedure vir die hantering van fisiese getuienis vandat dit ingesamel is totdat dit ingedien word. (10)
[20]

OF

VRAAG 8

Bespreek die belangrikheid van 'Misdaadvoorkomingsmodelle' om die doeltreffende implementering van misdaadvoorkoming te verseker.

AANTEKENING AAN DIE LEERDER: Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Inleiding
- Inhoud: 'n volledige verduideliking van die 'Misdaadvoorkomingsmodelle'
- Slot **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou